Geskiedenis van die Boerboel

Bron: Anemarí Pretorius *(Die Boerboel - eie aan Suid-Afrika (2005)*
Datum: 7 April 2007

Iemand het my eendag vertel dat hy in ’n woordeboek gelees het dat die *boel* in Boerboel *baie hond* beteken. Ek was egter nie in staat om hierdie betrokke woordeboek op te spoor nie, maar as ek my eie woordeboek kon skryf, is ek amper seker dat ek dieselfde beskrywing sou gee, maar net nog baie meer. Volgens die 1987-uitgawe van die HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal) is die betekenis van Boerboel ’n *groot plaashond van onsekere afkoms*. Wat hy nou natuurlik nie meer is nie – soos u weldra na die lees van hierdie hoofstuk sal agterkom.

Volgens inligting in die Assiriese kamers van die *British Museum* het twee Assiriese konings, Asarhaddon en Ashurbani-pal, alreeds in die sewende eeu voor Christus groot honde gebruik om wildeperde en leeus mee te jag. Volgens hierdie muuruitbeeldings was hierdie honde ook heelwat groter en swaarder as ons bekende honderasse van vandag. Die skrywer Darwin maak melding van ’n groot hondefiguur wat op die graf van Asarhaddon se seun was. Hierdie beeld dateer uit 640 v.C.

Uit ’n werk van Philemon Holland wat hy uit *Pliny’s Natural History*, 1601, vertaal het, is daar verskeie verwysings na prominente persone wat groot honde om verskillende redes gebruik het. So was daar byvoorbeeld ’n koning van die Germane wat as banneling teruggekeer het huis toe en 200 *dogges* gebruik het om sy gebied te herower. Daar word ook verwys na die Cimbriane wat *dogges* gebruik het om hulle besittings op te pas terwyl hulle met hul bloedige veldslae besig was.

In dieselfde geskrif word daar vertel van toe Albanië se koning ’n hond aan Alexander die Grote geskenk het. Alexander was baie met die reuse-hond beïndruk totdat hy hom aan die begin wou gebruik het om bere en daarna wildevarke en later takbokke mee te vang. Die hond het egter nie in die minste daarin belanggestel nie en het net bly lê.

Alexander die Grote, dié magtige koning en befaamde oorwinnaar, was woedend oor die hond se luiheid en het hom dadelik van kant laat maak. Die koning van Albanië het spoedig die nuus van die tragedie gehoor en sonder verwyl ’n plaasvervanger vir Alexander gestuur met die opdrag: “Moenie die hond se tyd mors met klein dingetjies nie. Gee vir hom ’n leeu of ’n olifant om teen te veg.”

Alexander het toe, volgens oorlewering, hierdie hond eers met ’n leeu laat baklei, maar die leeu se rug is binne sekondes verbrysel. ’n Olifant was volgende. Dié het paniekbevange probeer om net eenvoudig van die hond se aanhoudende aanvalle te probeer ontsnap en het in die proses teen ’n wal afgestort.

Ander beskrywings van honde wat leeus doodgemaak het, is in werke van Megasthenes, Aelien, Diodorus, Siculus, Strabo en Plutarch gevind. ’n Monnik in diens van koning Louis IX van Frankryk het in sy *Travels of William de Rubruquis* beskryf hoe enorm groot die honde in Albanië was – groot genoeg om teen leeus en bulle te veg en selfs groot genoeg om soos osse voor waens ingespan te word. Hierdie honde van Assirië en Albanië het mettertyd regoor die hedendaagse Europa, die Verre- en Midde-Ooste en selfs die Britse Eilande versprei.

Verskeie geskrifte verduidelik dat vandag se honderasse hul oorsprong uit hierdie oeroue honde het – vanaf ’n tyd so vroeg as voor Christus. Die Canis Molossus (in die Romeinse tyd) het ’n belangrike rol in die ontstaan van hedendaagse groot rasse gespeel. Die bedrywighede van die Romeine het hulle byvoorbeeld ook op die Britse Eilande laat beland. Groot meningsverskille heers egter oor die gebeure daarna. Sommige skrywers beweer dat die Romeine hul Canis Molossusse na die Britse Eilande geneem het terwyl andere weer beweer dat die Romeine van die Engelse se honde na Europa teruggeneem het. Albei hierdie stellings kan waarskynlik korrek wees.

Heelwat ander geskrifte maak ook melding van die handel wat tussen die Ooste en die Weste en natuurlik die Britse Eilande plaasgevind het. Ons eie Kaap die Goeie Hoop het uiteraard ook ’n groot rol op hierdie skeepsroete gespeel.

Soos ons op skool al in die geskiedenisklas geleer het, het die Verenigde Oost-Indische Compagnie Jan van Riebeeck gestuur om ’n handelspos op die suidpunt van Afrika te kom stig. Toe hy in 1652 hier voet aan wal sit, was sy *Bullenbijter* aan sy sy. Hierdie hond was ’n groot, sterk ras wat ’n mens aan ’n Mastiff-tipe hond laat dink. (Eienaardig genoeg verklaar Bosman, Van der Merwe en Hiemstra se Tweetalige Woordeboek, 1999, dat *Mastiff* onder andere *bul(le)byter* beteken.)
Diegene wat Van Riebeeck na die Kaap gevolg het, het ook net die grootste en sterkste honde saamgebring en oor dekades heen het net die sterkstes in hierdie nuwe en woeste land van ons oorleef.

Met die koms van die Britse Setlaars in 1820 het hulle onder andere ’n bulhond en ’n Mastiff-agtige hond saamgebring – die regte Bulmastiff is eers in ongeveer 1928 deur De Beers na Suid-Afrika ingevoer om die diamantmyne te bewaak. Volgens oorlewering is hierdie honde ná die Anglo-Boereoorlog in 1902 met die Engelse langbeen-Bulhond en ook in die laat 1940’s en vroeë 1950’s met die Bulmastiff gekruis.

Soos wat ons die geskiedenis van die Boerboel ken, is dit die punt waar die meeste mense graag wil ophou, want gedeeltes van die geskiedenis is byvoorbeeld dat die koloniste se groot tipe honde met die honde (brakke) van die inwoners van Afrika gekruis het. So het die Boerboel wat op soveel plase aangetref is en later saam met die Groot Trek noordwaarts getrek het, ontstaan.

Daar is egter baie interessante inligting wat tot alternatiewe denke kan lei. ’n Baie bekende skrywer, E.C. Ash, beweer dat daar bewyse is dat massiewe honde met ’n Mastiff-agtige voorkoms alreeds gedurende die antieke Egiptiese tyd bestaan het. Hy beweer dat een illustrasie uit so vroeg as 2000 v.C. dateer. In die tyd van konings Saul, Dawid en Salomo was Tirus die koning van Fenicië. In daardie tyd is daar baie hewig handel tussen onder andere Assirië, Persië en koning Salomo gedryf.

Al hierdie brokkies inligting lyk na ’n gejaag na wind totdat ’n mens op die volgende afkom … Artaxerxes Memnon, die koning van Persië, het ’n private geneesheer aan sy hof gehad wat baie belese en berese was en het geskryf dat die Cynomones, ’n barbaarse stam in die suide van Ethiopië, honde gehad het wat as *Indian dogs* beskryf is en van die Babiloniese honde afgestam het. Daar is ook met hierdie honde handel gedryf. Hulle is as groot, sterk honde beskryf: so groot soos Hycranians en geskik om teen leeus te veg. *Pliny’s Natural History* verwys ook na hulle, maar verwar hulle met die Cynocephali.

Die Cynomones het verskriklik baie van hierdie honde geteel omdat hulle gedurende die laat somer aan migrerende wildebeeste blootgestel was wat in baie groot getalle verby hulle woonplekke getrek het en in die proses hul eenvoudige skuilings en al hulle ander besittings verwoes het. Hierdie honde is spesifiek gebruik om die wildebeeste van hulle af weg te hou, maar om ook van hulle te vang. Gedurende die res van die jaar is die honde gebruik om ander wild mee te jag. Hulle het ook die tewe – soos ander stamme beeste en bokke gemelk het – gemelk: vandaar die naam Cynomolgi (*dog milkers*). Hierdie inligting word ook deur Diodorus, Siculus, Aelian en Polydeuktes gestaaf.

Aristoteles het baie interessante dinge oor hierdie *Indian dog* geskryf. Hy was van mening dat hulle van ’n kruising tussen ’n hond en ’n tier afkomstig was. Die mens kon eers die derde geslag gebruik omdat die vorige geslagte te aggressief was. Wanneer die tewe op hitte was, is hulle op afgeleë plekke vasgemaak. Baie van hulle is opgevreet omdat die tiere nie lus was om die tewe te dek nie. Dit is baie interessant om te sien dat Pliny hierdie inligting herhaal.

Vandag glo ons dat dit natuurlik onmoontlik is dat ’n hond en ’n tier kan kruis. Die telers van hierdie honde het natuurlik, volgens Aristoleles, baie goeie advertensiedekking met hierdie stories gekry. Nodeloos om te sê: die *Indian dogs* was grou/gestroomde/briekwa honde. Dit laat ’n mens nogal wonder, nè!

Ander bewyse van die *Indian dog* kry ons ook uit die tyd van Darius Hystaspes, die destydse koning van Persië, wat die inwoners van vier dorpies in sy koninkryk van alle ander werk onthef het sodat hulle uitsluitlik vir sy honde kon sorg en vir hulle kos bymekaar kon maak.

Die Europese verbintenis met Jan van Riebeeck en sy *Bullenbijter* lyk nou nie meer na die enigste of grootste moontlikheid as die bron van herkoms van die Boerboel nie, veral nie as ons terugkeer na die brakke wat vroeër genoem is nie.

Intussen het verskeie swart stamme in Afrika suidwaarts begin beweeg toe hulle met die blankes te doen gekry het – hulle honde natuurlik ook. Die vraag is net of die “Afrika”-hond met sy kenmerkende V-vorm op die stert afkomstig is van die honde van Ethiopië. Indien wel, is die waarde van hierdie verbintenis verreikender as wat ons huidig besef.

Daar kan dus gesê word dat die Boerboel uit hoofsaaklik twee bronne oorspronklike genetiese materiaal geteel is:

- die *Bullenbijter* met sy wortels in Europa (en vóór dit uit Albanië en Assirië); en
- die Afrika-hond van die swart bewoners van Afrika.

Laasgenoemde honde was moontlik afkomstig van die Cynomones wat van Ethiopië af gekom het (en vroeër van Babilon was tydens die Persiese heerskappy) en nog vóór dit deur Indië beweeg het en terug na Albanië en Assirië gegaan het.

Hierdie stelling verklaar ook waarom die Boerboel struktureel baie beter is as alle ander Mastiff-tipe honde. Die genetiese materiaal wat weer in Afrika bymekaargekom het, is baie oorspronklike en suiwerder Assiriese bloedlyne as wat enige ander ras ter wêreld kan oplewer.

Gedurende die tydperk tussen die aankoms van Jan van Riebeeck en die Groot Trek (1652-1838) sou die oorspronklike *Bullenbijter*-bloed en die ander koloniste se honde noodwendig meer geïsoleerd wees as ná die aanvang van die Groot Trek in 1838.

Dit is baie interessant om van ons huidige bloedlyne te neem en dit terug te voer tot by die draai van die eeu en selfs vroeër. So weet ons byvoorbeeld waarvandaan sekere ou bloedlyne kom en kan hulle met redelike groot sekerheid teruggevolg word tot by spesifieke trekgroepe wat vanuit die Kaap noordwaarts getrek het.

As ’n mens nou al hierdie inligting saamvat, kom ’n mens tot ’n duidelike gevolgtrekking: die Boerboel is uit groot, sterk honde met goeie eienskappe geteel. En oor hierdie eienskappe kan ’n mens liries raak. Ons voorvaders het Boerboele as waghond, kindervriend, beskermer en oppasser aangehou – ’n hond wat vir geen gevaar sal terugdeins nie.

Die Boerboel het ongelukkig ook met mense te doen gekry wat gedink het hulle is alwys in die sin dat daar ’n kortpad is na die teel van ’n perfekte Boerboel. Verskeie vreemde rasse is gebruik om die Boerboel sekere voorgenome eienskappe te gee, min wetende dat al daardie eienskappe reeds in die genetiese samestelling van die Boerboel opgesluit was. Deur die toevoeging van al hierdie addisionele genetiese materiaal is die ras baie skade berokken. Hierdie vreemde en ongewenste gene sal deur ’n proses van baie streng seleksie weer uit die Boerboel geteel moet word en dis waar u en my plig lê: die veredeling en uitbouing van hierdie wonderlike inheemse ras van ons.